

Dinsdag 28 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-5

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:2

## Suiwre Woordbediening is noodsaaklik

*Die boodskap self:* 'n Mens kan die Here met jou hoor praat deur suiwer Woordbediening. Anders as enige ander boek, is die Here met sy Woord aan die Woord. Daarom is dit noodsaaklik om daarna te luister, want die boodskap is nie sommer net die predikant se preek nie – dit is God se Woord! Petrus sê: “As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur Hom aan die Woord kom” (1 Pet. 4:11). Die hart van die evangelieboodskap is: die verlossingswerk van Jesus Christus.

*Die dringendheid van die boodskap:* Paulus beveel Timoteus: “Hou daarmee vol.” Hou aan verkondig en hou uit om te verkondig. Daar is immers geen ander pad na die lewe toe nie. Daar is geen ander manier om in hierdie donker wêreld verlossing te kry nie. Net die Here Jesus is die weg en die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). Dit plaas elke gelowige as profeet voor die dringendheid om die boodskap te leef en te verkondig.

*Die manier hoe die boodskap gebring word:* “Hou daarmee vol, tydig en ontydig.” Of ons lus is of nie, of die tyd geleë is of nie, verkondig die evangelie! Die Here wil vir ons sê dat daar geen rede en geen situasie is waar dit verkeerd is om van Hom te getuig nie. As dit van ons afhang, sal geen tyd regtig geskik wees nie. Christus het nie gekroom om die Fa-riseërs 'n addergeslag te noem nie, en dit was nie ontydig om mense met 'n sweep uit die tempel te jaag nie, of om water in wyn te verander nie.

Die Woord van God vra dat ons dit dringend en aanhoudend sal verkondig, want mense se ewige redding hang daarvan af.

*Sing: Psalm 89-1:6*

*Ds. TJ (Theuns) Potgieter (Port Elizabeth)*